CON SPIRITO

# ANIMATO A CAPELLA

SÊR KOMPETISIE | SERENADE COMPETITION

*Verenig deur Musiek*

# ANIMATO SÊR

2026

# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| Kom neem deel aan Animato | 3 |
| Animato: Kriteria & Riglyne | 4 - 7 |
| Inskrywingsvorms- en koste | 8 |
| Die kompetisie | 9 |
| Nasionale finaal | 10 |
| Toekennings & Uitslae | 11 - 12 |
| Boordeelstate | 13 - 14 |
| Bepalings & Voorwaardes | 15 |

# KOM NEEM DEEL AAN
# ANIMATO SÊRKOMPETISIE

Die primêre doel van die Animato Sêrkompetisie is die bevordering en die genot van ligte musiek in sang en dans onder hoërskole sowel as die skepping van nuwe, innoverende produksies en materiaal.

Animato het in 2014 met 'n skamele vier hoërskole uit Gauteng begin. Animato het sedertdien gegroei na 'n landswye kompetisie met hoërskole van regoor die land wat nou deelneem.

Met die fokus om mense te verenig deur musiek, skep die unieke kompetisie 'n inklusiewe platform met twee uiteenlopende kategorieë om te verseker dat elke skool, ongeag van hulle vlak van ervaring, deel kan neem aan die kompetisie sodat die liefde vir musiek en a capella sang behoue kan bly.

Met 'n ongelooflike hoë standaard en uiters talentvolle kinders, sorg hierdie kompetisie vir hope genot, nie net vir die leerders nie, maar ook vir die toeskouers.

Animato Sêr sien uit om jou skool ook by ons volgende kompetisie te verwelkom.



# ANIMATO SÊRKOMPETISIE KRITERIA & RIGLYNE

## DEELNAME

Animato Sêr is 'n Nasionale kompetisie vir hoërskoolleerders. Skoolgroepe van graad 8 tot graad 12 mag dus aan die kompetisie deelneem. Die Sêr groepe kan saamgestel word uit net seuns, net dogters of gemengde groepe.  Die groepe hoef nie aan EEN skool verbonde te wees nie (m.a.w. groepe kan privaat ook inskryf)

## KATEGORIEË

Animato Sêr bied vir hoërskoolleerders die geleentheid om aan twee verskillende kategorieë deel te neem.

A. Die **eerste** kategorie is vir Ensembles waar die fokus op sang geplaas word, maar daar word ook gekyk na ensemblespel deur middel van minimale formasieskuiwe en homogene bewegings.

B. Die **tweede** kategorie is vir Produksies waar daar gefokus word na die algehele produksie wat voorgesit word deur middel van sang en choreografie.






# ENSEMBLE KATEGORIE INLIGTING

**PROGRAM**

- **Voorgeskrewe FAK lied**
- **Twee eie keuse liedere met twee verskillende style en in verskillende tale**
- **Geen eie komposisie**



- ·8 tot 20 lede toelaatbaar
- Tydsduur is 9 tot 11 minute (Dit is die ensemble groep se eie verantwoordelikheid om hulle repertoire so saam te stel sodat hulle optrede binne hierdie tydsgleuf pas
- Geen dialoog word toegelaat nie
- Geen dirigent toelaatbaar
- Eenvormige uniform
- Solo's is toelaatbaar, maar die klem lê op groepsang.
- Geen bewegings word toegelaat nie maar slegs formasieskuiwe tussen liedere
- Die klem lê op musikaliteit en hoë sang standaard
- Bladmusiek moet vir elke beoordelaar voorsien word
- Geen tema word benodig nie
- Geen instrumente word toegelaat nie, behalwe om 'n gebroke akkoord vir intonasie aan te gee
- Verwerkings is toelaatbaar
- Geen rekwisiete
- Tydens repetisies kry elke ensemble groep 20 minute tyd. Hierdie tyd kan gebruik word om die akoestiek te toets en verhoogplasings te oefen

**VOORGESKREWE FAK LIED:** My Hartjie, My Liefie

**· Algemeen:**

- Die tydhouding begin wanneer die eerste klank, as deel van die vertoning gemaak word en eindig nadat die laaste noot gesing word
- Vir elke 10 sekondes te kort of te lank, word die groep met 1 punt vir elke 10 sekondes of 'n gedeelte daarvan gepenaliseer
- 'n Groep kan op enige manier die nodige intonasie van die volgende werk/lied gee (bv. 'n gebroke akkoord). Dit kan d.m.v. 'n stem of instrument gegee word maar moet deur 'n leerder van die groep op die verhoog gegee word
- Elke leerder in die groep MOET sing
- Geen klankversterking word vir die groepe aangebied nie
- Basiese beligting sal deur Con Spirito voorsien word
- Die groepe is self verantwoordelik vir hulle vervoer- en verblyfreëlings tydens die uitdunrondes en Nasionale Finaal

# PRODUKSIE KATEGORIE INLIGTING

· 10 tot 20 lede toelaatbaar.
· Tydsduur is 14 tot 18 minute (Dit is die groepe se eie verantwoordelikheid om hulle repertoire so saam te stel sodat hulle optrede binne hierdie tydsgleuf pas.
· Dialoog is toelaatbaar met oorgange, maar moet nie die uitvoering oorheers nie.
· Solo's is toelaatbaar, maar die klem lê op groepsang.
· Kostuums moet betekenisvol wees en duidelik by die tema pas.
· Rekwisiete word toegelaat mits dit die tema en uitvoering van die repertoire ondersteun.
. Rekwisiete moet as deel van die opvoering gebruik word as deel van die opvoering.
. Rekwisiete moet vir perkussie vir ten minste vier polsslae gebruik word.
· Choreografie word toegelaat wat die storievertelling deur liriek ondersteun en die energie en atmosfeer van die uitvoering beklemtoon

**Voorgeskrewe FAK Lied :**
***Kan 'n man dan nie***

.



**PROGRAM:**

- **Voorgeskrewe FAK Lied**
- **Daar is nie 'n beperking op die hoeveelheid verwerkings wat 'n produksiegroep in hulle repertorium moet doen nie, maar elke groep se repertorium moet minstens die volgende insluit:**
- **'n Verwerking van die voorgeskrewe FAK-lied**
- **'n Eie komposisie (slegs vir Produksies)**
- **'n Verwerking in 'n ander taal (Nie Afrikaans of Engels nie)**

- Die produksiegroep se program bestaan uit liedere wat in minstens drie verskillende tale gesing word.
- Alle musiek is die eie keuse behalwe die voorgeskrewe FAK-lied.
- 'n **Duidelike tema** moet gekies word en die repertorium saamstel om hierdie tema. Die liedjiekeuses, kostuums, choreografie en rekwisiete moet alles bydra tot die storievertelling en itbeelding van die groep se tema.
- Die **voorgeskrewe FAK-lied** MOET verwerk word, maar die oorspronklike tematiese materiaal moet nog steeds identifiseerbaar wees. Die teks mag verander word en dit mag in 'n nuwe omkering/modus wees. Die idee is dat hierdie lied in sy aanbieding nuut geïnterpreteer en verwerk moet word, met 'n kreatiewe aanslag sodat dit by die groep se tema inskakel. 'n Minimum van 40 sekondes (in totaal) moet gelewer word en minstens vier mates van die lied moet in die verwerking daarvan duidelik hoorbaar en herkenbaar wees. Die bladmusiek is op die **webwerf** beskikbaar.
- Die **EIE KOMPOSISIE** is 'n liedjie waarvan die lirieke en melodie oorspronklik is. Die eie komposisie moet geskik wees vir die groep se gekose tema en moet 'n duidelike storie vertel. Die eie komposisie moet lirieke bevat en om in aanmerking te kom vir die toekenning vir beste eie komposisie, moet die lirieke in enige van Suid-Afrika se amptelike tale wees. Daar sal na die harmonisering en uitvoering van die verwerking gekyk en beoordeel word.

*Let wel: Die eie komposisie se bladmusiek moet vir die beoordelaars ingedien word.*

# PRODUKSIE KATEGORIE
# INLIGTING VOLG

· **INSTRUMENTE:**

- Die fokus van die Animato kompetisie bly sang, dus word geen melodiese instrumente toegelaat nie. Slegs nie-melodiese instrumente mag gebruik word.

- Geen melodiese begeleiding word toegelaat nie. Geen inleiding mag vooraf gegee word nie. 'n Groep kan op enige manier die nodige intonasie van die volgende werk/lied gee (bv. 'n gebroke akkoord). Dit kan d.m.v. 'n stem of instrument gegee word maar moet deur 'n leerder van die groep op die verhoog gegee word.

- Daar is nie 'n beperking op die hoeveelheid nie-melodiese instrumente wat gebruik kan word nie en die instrumente moet deur een persoon op die verhoog en van die verhoog afgedra word.

- Die instrumente moet nie die uitvoering oorheers nie, en moet slegs aangewend word vir effektiewe ondersteuning.

· **Algemeen:**

- Die tydhouding begin wanneer die eerste klank, as deel van die vertoning gemaak word en eindig nadat die laaste noot gesing word
- Tydens repetisies kry elke ensemble groep 20 minute tyd. Hierdie tyd kan gebruik word om die akoestiek te toets en verhoogplasings te oefen
- Vir elke 10 sekondes te kort of te lank, word die groep met 1 punt vir elke 10 sekondes of 'n gedeelte daarvan gepenaliseer
- 'n Groep kan op enige manier die nodige intonasie van die volgende werk/lied gee (bv. 'n gebroke akkoord). Dit kan d.m.v. 'n stem of instrument gegee word maar moet deur 'n leerder van die groep op die verhoog gegee word
- Elke leerder in die groep MOET sing
- Groepe word aangemoedig om hul gekose liedere te verwerk, met dien verstande dat die musiek se teks verander mag word en bladmusiek verwerk mag word
- Geen klankversterking word vir die groepe aangebied nie
- Basiese beligting sal deur Con Spirito voorsien word
- Die groepe is self verantwoordelik vir hulle vervoer- en verblyfreëlings tydens die uitdunrondes en Nasionale Finaal.



# INSKRYWINGSVORMS EN -KOSTE

Die sluitingsdatum is 30 Mei 2026, so maak asseblief seker dat jy jou inskrywing suksesvol voor hierdie datum voltooi.

Die inskrywingsgeld is R2200 per groep, betaalbaar aan Con Spirito Animato met die volgende besonderhede en verwysing:

| | |
|---|---|
| Bank: | FNB |
| Rekeninghouer: | Con Spirito Nasionaal |
| Rekeningtipe: | GOLD BUSINESS ACCOUNT |
| Rekeningnommer: | 63175116285 |
| Takkode: | 21-08-19 |
| Verwysing: | Skool se naam |

Stuur hierdie bewys van betaling na **animatoser@conspirito.co.za**.

Let wel:
Die helfte van die inskrywingsgeld is terugbetaalbaar indien 'n skoolgroep 2 maande voor die eerste uitdunrondes onttrek.
Indien Animato die kompetisie kanselleer, word die volle inskrywingsgeld aan die skool terugbetaal.

**SKRYF HIER IN**



# DIE KOMPETISIE

Na afloop van die uitdunrondes, word die top ensemble en top produksiegroepe, gebaseer op die gekombineerde punte van die beoordeelaars tydens die uitdunrondes, genooi as finaliste om aan die Nasionale Finaal in Oktober deel te neem.

Animato behou die voorreg om te bepaal watter en hoeveel skole deurgaan na die finaal en daar is nie 'n beperking op die hoeveelheid skole wat deurdring na die finaal toe nie. Daar is ook nie 'n voorskrif wat bepaal dat daar 'n sekere hoeveelheid van elke uitdunronde moet deurdring na die finaal nie. Die skole met die hoogste gekombineerde punte na afloop van die uitdunrondes sal na die Nasionale inaal genooi word.

Sou dit gebeur dat daar 2 groepe is wat gelykop is met hulle punte, is dit die hoofbeoordeelaar se voorreg, nadat die ander beoordeelaars daaroor geraadpleeg is, om die finale keuse te maak oor wie die wenners is.



## KOMPETISIEDATUMS EN -VENUES

Daar is VIER venues vir uitdunrondes om van te kies. Die beste groepe uit elke uitdunronde sal na die Nasionale finaal in Oktober genooi word.

### Uitdunrondes - Augustus & September 2026

*Let wel:*
*Daar moet minstens TWEE skole by 'n spesifieke ronde inskryf vir die uitdunronde om te kan plaasvind.*

| | | |
|---|---|---|
| 7 or 8 Julie | Oos-Kaap | George |
| 31 Julie en 1 Augustus | Limpopo | Hoërskool Pietersburg |
| 3 en 4 Augustus | Vrystaat | C&N Sekondêre Meisieskool, Bloemfontein |
| 1 Julie en 1 Augustus | Wes-Kaap | Kaapstad |
| 7 en 8 Augustus | KZN | Richardsbaai |
| 7 en 8 Augustus | Gauteng | Pretoria |

*Let wel:*
*Indien daar teen 30 Mei nie genoeg inskrywings vir 'n spesifieke uitdunronde ontvang is nie, mag die spesifieke ronde gekanselleer word en moet die skole wat in daardie uitdunronde sou deelneem, by 'n alternatiewe uitdunronde deelneem.*

# NASIONALE **FINAAL**

Die **Con Spirito Animato Nasionale finaal** vind op 8 tot 10 Oktober 2026 in Pretoria plaas.

Animato nooi die top Ensemble en Produksie groepe van die uitdunrondes om aan die Nasionale finaal deel te neem.

Die finaliste word op Maandag, 17 Augustus 2026 aangekondig.






## Landsfinaal - Oktober 2026

| | |
|---|---|
| 8 - 10 Oktober | Pretoria |

# TOEKENNINGS EN UITSLAE

### ERKENNING VAN PRESTASIE BY SKOLE

Let asseblief daarop dat die toeken van erekleure en die erkenning van prestasies by skole onafhanklik van Con Spirito Animato geskied.

### TERUGVOERING VAN BEOORDEELAARS

Na afloop van 'n spesifieke uitdunronde, sal die hoofbeoordeelaar repliek en mentorskap aan die Ensemble en Sêr groepe gee. Elke groep ontvang ook 'n deelname sertifikaat wat 'n Goud of Silwer toekenning aandui.

Goud = 80% tot 100%
Silwer = 60% tot 100%

### TOEKENNINGS TYDENS LANDSFINAAL

Finaliste wat na die nasionale landsfinaal deurdring, ontvang elk 'n FAK Animato-deelnemersertifikaat vir deelname op nasionale vlak Elke groep ontvang ook 'n deelname sertifikaat wat 'n Goud of Silwer toekenning aandui.
Goud = 80% tot 100%
Silwer = 60% tot 100%

Daar word ook spesifieke sertifikate toegeken vir die algehele uitvoering gebaseer op die prestasieskaal wat deur Animato gebruik word asook die volgende addisionele pryse:







**Mees oorspronklike tema** (Produksiegroepe)

- Hierdie toekenning word toegeken aan die groep met die mees oorspronklike tema en wie se tema die beste uitgebeeld is deur die kostuums, verwerkings en rekwisiete.

**Beste kostuums** (Produksiegroepe)

- Hierdie toekenning word toegeken aan die groep wat die beste kostuums gehad het en wie se kostuums hulle tema die beste uitgebeeld het.

**Beste uniform** (Ensemblegroepe)

- Hierdie toekenning word toegeken aan die groep wat die beste uniform gehad het

**Beste ensemblespel** (Ensemble groepe)

- Hierdie toekenning word toegeken aan die ensemble wat die beste ensemblespel tydens hulle opvoering gehad het.

**Beste choreografie** (Produksiegroepe)

- Hierdie toekenning word toegeken aan die produksie wat die beste choreografie tydens hulle opvoering gehad het.
- Beste choreografie verwys na die effektiewe gebruik van die choreografie, die effektiwiteit van die produksie se verhooggebruik en of die choreografie die uitvoering as 'n geheel ondersteun het.

**Beste musikaliteit** (Ensemble en produksiegroepe)

- Hierdie toekenning word toegeken aan die groep wat die beste punte by die beoordeellaars ontvang het vir die musikaliteitsafdeling op die beoordeellaarstaat.

- **Beste verwerking in 'n ander taal** (Produksiegroepe)
- Hierdie toekenning word toegeken aan die groep wat die beste verwerking in 'n ander taal gehad het.
- Die geskiktheid van die lied tot die tema asook die verwerking en uitvoering van die lied word hier oorweeg.

**Beste Afrikaanse Verwerking** (Produksiegroepe)

- Hierdie toekenning word toegeken aan die groep wat die beste Afrikaanse verwerking gehad het.
- Die geskiktheid van die liedjiekeuses tot die tema asook die verwerking en uitvoering van die lied word hier oorweeg.

**Beste Voorgeskrewe FAK-lied** (Ensemble en produksiegroepe)

- Hierdie toekenning word toegeken aan die groep wat die beste en musikaalste FAK-lied vertolk het.

**Beste Voorgeskrewe FAK-lied** (Produksiegroepe)

- Hierdie toekenning word toegeken aan die groep wat die beste voorgeskrewe FAK-verwerking gehad het.
- Die aanbieding en interpretasie van die voorgeskrewe FAK-lied asook hoe die groep dit gepas gemaak het tot hulle tema word hier oorweeg.

**Beste Eie komposisie** (Produksiegroepe)

- Hierdie toekenning word toegeken aan die groep wat die beste eie komposisie gehad het.
- Die oorspronklikheid van die lirieke en melodielyn, hoe dit bydra om die tema uit te beeld asook die verwerking en die interpretasie en uitvoering daarvan word hier oorweeg.

**Algehele wenners** (Ensemble en produksiegroepe)

- Die eerste, tweede en derde plekke vir die onderskeie kategorieë word aangekondig.





# BEOORDEELSTAAT ENSEMBLE

**Vermaaklikheid** (30 punte)

.

**Spontaniteit, Kreatiwiteit en Balans** (10)

- Die groep het variasie in gevoel en deurlopende energie om die regte atmosfeer te skep en die gehoor deurlopend met wisseling in musiek en storievertelling te verras.
- Die gehoor toon sterk meelewing met die optrede van die a capella groep.

**Ensemblespel** (20)

- Die groep werk as 'n besonderse sterk eenheid saam en hul vertolking word goed ondersteun deur gesigsuitdrukkings, lyftaal, interaksie met die gehoor en mekaar.
- Formasies is gepas en gebalanseerd.

**Algehele Indruk** (10 punte)

- Die uitvoering in geheel.
- Liedjiekeuse, afronding, ontwerp, ensemblespel, programsamestelling, inisiatief, oorspronklikheid.

**Voorgeskrewe lied** (10 punte)

- Die voorgeskrewe lied is duidelik herkenbaar en voldoen aan die voorgeskrewe tyd.
- Die verwerking is interessant en die lied is aangepas om die program te ondersteun.




TOTAAL
150

**Musikaliteit** (90 punte)

**Dinamiek** (15)

- Die toonhoogte van die musiek is gepas en daar is duidelike onderskeid en motivering met wisseling van hard en sag in die toepassing van die toon.

**Diksie** (10)

- Goeie, korrekte en duidelike uitspraak van woorde.

**Intonasie** (15)

- Akkurate toonhoogte word deurgaans bereik.

**Balans** (15)

- Daar is 'n goeie balans tussen die verskillende stemme, groepsang in geheel en soliste, asook perkussie instrumente, indien daarvan gebruik gemaak word.
- Daar moet goeie balans wees tussen die stempartye sodat die akkoorde gebalanseerd is.

**Musikale Afronding** (15)

- Daar is goeie afronding met betrekking tot die interpretasie van die liedjies, die tegniese uitvoering van die liedjies en die sangtegniek van die groepslede.
- Daar is goeie interpretering van die liedjies deur frasering en tempoveranderinge.
- Daar is goeie tegniek deur die lede toegepas ten opsigte van asem- en stembeheer.

**Verwerking en Harmonisering** (20)

- Daar is oorspronklikheid in die liedjiekeuses en innovering in die wyse waarop dit verwerk is.
- Daar is 'n goeie balans tussen die verskillende tale waarin gesing word.
- Die groep vorm 'n mooi musikale harmonie. Alle stemgroepe harmoniseer mooi tot 'n eenheid van suiwer klank.

# BEOORDEELSTAAT PRODUKSIE

## **Vermaaklikheid** (50 punte)

**Kostumering en Rekwisiete** (10 punte)
- Die kostuums en rekwisiete moet betekenisvol, gemotiveerd en effektief wees, die tema duidelik uitbeeld en by die tema pas.

**Tema** (10 punte)
- Die tema moet duidelik en oorspronklik wees en die liedjiekeuses moet gepas wees tot die tema.

**Spontaniteit, Kreatiwiteit en Balans** (10 punte)
- Die groep het variasie in gevoel en deurlopende energie om die regte atmosfeer te skep en die gehoor deurlopend met wisseling in musiek en storievertelling te verras.
- Die gehoor toon sterk meelewing met die optrede van die a capella groep.

**Choreografie**(20 punte)
- Kreatiewe choreografie wat die storievertelling deur liriek ondersteun en die energie en atmosfeer van die uitvoering skuif soos verskillende gedeeltes fokus verlang.
- Choreografie is gepas en gebalanseerd en word gelyk, sterk en met oorgawe uitgevoer.
- Daar is goeie gebruik van die verhoog.

## **Musikaliteit** (70 punte)

**Dinamiek** (10 punte)
- Die toonhoogte van die musiek is gepas en daar is duidelike onderskeid en motivering met wisseling van hard en sag in die toepassing van die toon.

**Diksie** (10 punte)
- Goeie, korrekte en duidelike uitspraak van woorde.

**Intonasie** (10 punte)
- Akkurate toonhoogte word deurgaans bereik.

**Balans** (15 punte)
- Daar is 'n goeie balans tussen die verskillende stemme, groepsang in geheel en soliste, asook perkussie instrumente, indien daarvan gebruik gemaak word.
- Daar moet goeie balans wees tussen die stempartye sodat die akkoorde gebalanseerd is.

**Musikale Afronding** (10 punte)
- Daar is goeie afronding met betrekking tot die interpretasie van die liedjies, die tegniese uitvoering van die liedjies en die sangtegniek van die groepslede.
- Daar is goeie interpretering van die liedjies deur frasering en tempoveranderinge.
- Daar is goeie tegniek deur die lede toegepas ten opsigte van asem- en stembeheer.

**Verwerking en Harmonisering** (15 punte)
- Daar is oorspronklikheid in die liedjiekeuses en innovering in die wyse waarop dit verwerk is.
- Daar is 'n goeie balans tussen die verskillende tale waarin gesing word en die liedjiekeuses is gepas tot die tema.
- Die groep vorm 'n mooi musikale harmonie. Alle stemgroepe harmoniseer mooi tot 'n eenheid van suiwer klank.

## **Voorgeskrewe lied** (15 punte)

- Die voorgeskrewe lied is duidelik herkenbaar en voldoen aan die voorgeskrewe tyd.
- Die verwerking is interessant en die lied is aangepas om die tema te ondersteun.

## **Eie komposisie** (15 punte)

- Die oorspronklikheid van die lirieke en melodielyn, hoe dit bydra om die tema uit te beeld asook die verwerking en die interpretasie en uitvoering daarvan word hier oorweeg.



# BEPALINGS & VOORWAARDES

CON SPIRITO Animato Sêrkompetisie bied met trots hierdie platform ter ontwikkeling van a capella-sang aan, maar onderskryf nie noodwendig die inhoud of menings van die deelnemende groepe nie.

Deur in te skryf vir enige van Con Spirito Kunsvereniging & FAK se projekte en/of kompetisies, bevestig ek/ons/skool dat ek/ons persoonlike inligting, soos verwys in Artikel 26 van **POPIA**, mag insamel.

Die inskrywingsvorm moet volledig ingevul word en so spoedig moontlik (nie later nie as **30 Mei 2026**) ingedien word.

Die inskrywingsvorm moet met die goedkeuring van die skoolhoof ingedien word.

Slegs hoërskole word toegelaat om in te skryf.

Groepe mag van professionele hulp gebruik maak. Hierdie toegewing is om wisselwerking tussen die professionele musiekbedryf en amateurs deur die oordrag van kennis en vaardighede te bewerkstellig.

Groepe is self verantwoordelik vir hulle vervoer- en verblyfreëlings tydens die streeksrondtes en nasionale landsfinaal.

Die indiening van die inskrywingsvorm bring 'n basiese ooreenkoms tussen CON SPIRITO Animato en die persoon/persone of instansie(s) wat inskryf tot stand.

Hierdie ooreenkoms impliseer dat die persoon/persone of instansie wat inskryf streng volgens die kompetisiereëls sal optree en dat Animato A Capella die kompetisie streng volgens die reëls sal aanbied.

Die oortreding of nienakoming van die reëls van hierdie kompetisie kan tot diskwalifisering of penalisering lei.

Die persoon/persone of instansie wat inskryf, vrywaar CON SPIRITO Animato teen enige eise wat mag ontstaan as gevolg van skade of verlies van watter aard ook al wat so 'n persoon/persone of instansie gedurende die hele verloop van die kompetisie kan ly.

Animato behou hom die reg voor om die kompetisie enige tyd te staak of te beëindig indien buitengewone omstandighede dit noodsaak.

Die persoon/persone of instansie wat inskryf, magtig Animato om foto's en video's van die produksie- of ensemblegroepe of lede van die a capella groep vir verslaggewing en bemarkingsdoeleindes te gebruik.

Die beoordelaars se besluit is finaal en geen korrespondensie sal deur die loop van of na afloop van die kompetisie daaroor gevoer word nie.

Alle navrae moet aan die Animato-organiseerder of die Besturende direkteur van Con Spirito gerig word en nie aan die beoordeelaars nie.

Die helfte van die inskrywingsgeld is terugbetaalbaar indien 'n skoolgroep 2 maande voor die eerste uitdunrondes onttrek. Indien Animato die kompetisie kanselleer, word die volle inskrywingsgeld aan die skool terugbetaal.

**Wet op Outeursreg**
Waar ongepubliseerde komposisies of verwerkings gebruik word, reël skole self vir:

- Die reg om die musiek te dupliseer.
- Die reg om dit uit te voer.
- Skole onderhandel self met komponiste en/of verwerkers vir die voordrag van hulle werke.
- Musiek mag nie sonder die toestemming van die komponis gewysig word nie.

Skole wat twyfel oor die toepassing van die Wet op Outeursreg, kan met SAMRO skakel. Dit sluit die verandering van teks in.

LIZELLE VAN STADEN
DIREKTEUR: CON SPIRITO ANIMATO
083 660 4822

ZELMARIE MARÉ
ORGANISEERDER
074 683 3995

ANIMATOSER@CONSPIRITO.CO.ZA

*Verenig deur Musiek*